

KONSTITUSIE

VAN



NWUPE

Noordwes Posduif Federasie

SOOS GEWYSIG 1 MAART 2014

INHOUDSOPGAWE		
Punt	Beskrywing	Bladsy
1	Naam van Federasie	3
2	Definisie	3
3	Doelstelling	4
4	Lidmaatskap	5
5	Bestuur	6
6	Magte van die Dagbestuur	6
7	Samestelling en magte van die Bestuur	7
8	Noodbevoegdhede	10
9	Affiliasie van Vereniging	10
10	Jaarvergadering	11
11	Spesiale Algemene Vergadering	14
12	Appèlle	15
13	Suksessie	16
14	Regspersoonlikheid	17
15	Ontbinding	17
16	Deelname in bates	18
17	Straf	18
18	Veranderings van die Kontstitusie	18
19	Boekhou	19
20	Uitreiking van ringe	19
21	Wedvlugrigting en-program	20
22	Alemene Reëls	20
23	Wedvlugreëls	21
24	Klokreëls	24
25	Reglement van Orde	28
26	Vergaderingsprosedures	29
27	Finansiële Regulasies	30

Die FEDERASIE sal bekend staan as die NOORDWES POSDUIF FEDERASIE en sal hierin later na verwys word as die FEDERASIE

DEFINISIE :

In die saamstel van hierdie konstitusie sal, behalwe waar teenstrydig met die gees en bepalings hiervan, die bedoelings van die terme soos volg wees :

2.1 Alle verwysings na die manlike sal ook die vroulike insluit.

2.2 DIE DAGBESTUUR :

Die Dagbestuur sal saamgestel word volgens die bepalings van Klousule 5.1 hiervan.

2.3 DIE BESTUUR :

Die Bestuur sal saamgestel word uit die Ampsdraers asook verskeie verteenwoordigers van elke Klub in die FEDERASIE onder Voorsitterskap van die Federasie Voorsitter. Stemreg sal geskied volgens punt 7.2.

2.4 DIE HOOFKWARTIER :

Vir enige doeleindes van die FEDERASIE sal die Hoofkwartier wees by die huis of kantoor van die Sekretaris van die FEDERASIE, saamgestel soos verwys na in Klousule 5.1 van die Konstitusie.

2.5 FINANSIËLE JAAR :

Finansiële Jaar beteken 'n periode van twaalf (12) kalender maande soos omskryf in die Finansiële Regulasies van die FEDERASIE.

Ingeval daar enige dispuut oor die betekenis van enige ander uitdrukking of woord ontstaan, sal die beslissing van die Dagbestuur oor die betekenis van so 'n uitdrukking of woord finaal

wees. Die Bestuur sal egter gebonde wees aan enige interpretasie wat op 'n vorige geleentheid aan die betrokke uitdrukking of woord gegee is.

2.6 KLUBGRENSE :

Die klubgrense van geaffilieerde Klubs sal beperk word tot hul onderskeie Landdrosdistriksgrense. Geen Klub mag persone as lede aanvaar wat buite hierdie landdrosgebied woonagtig is nie.

3

DOELSTELLING :

Die doelstellings van die FEDERASIE sal wees om :

- 3.1 As koördinerende liggaam te dien vir die behartiging van die sake en belange van geaffilieerde Verenigings in die gebied soos deur die FEDERASIE se Algemene Vergaderings bepaal en van tyd tot tyd gewysig, met betrekking tot duiwesport.
- 3.2 Wedvlug duiwesport in die gebied van die FEDERASIE te bevorder en in die algemeen aan te help en te beskerm.
- 3.3 As liggaam te affilieer met die Suid-Afrikaanse Nasionale Posduif Organisasie en daar die belange van die lede van die FEDERASIE te behartig.
- 3.4 Posduif wedvlugte te reël, te beheer en om reëls op te stel wat sodanige wedvlugte sal beheer, kontroleer en reguleer en om genoemde reëls van tyd tot tyd te verander, terug te roep of wysigings te maak en om toe te sien dat die genoemde reëls nagekom word.
- 3.5 Posduiwe, ringe, klokke, mandjies en ander benodigdhede wat van tyd tot tyd nodig mag blyk te wees aan te koop, te huur of andersins te bekom waar dit in belang van die lede van die FEDERASIE is, en om hierdie goedere te verkoop, te verhuur of andersins van die hand te sit.
- 3.6 Die teling van posduiwe aan te moedig en te bevorder.

- 3.7 Uit die fondse van die FEDERASIE enige komitee of beampte wat deur die FEDERASIE aangestel is, te vrywaar teen alle verliese, kostes of skade wat hulle mag ly in die bona-fide uitoefening en uitvoering van die magte en pligte wat hulle opgelê is.
- 3.8 Geboue of enige ander vaste of los eiendom wat die Raad van tyd tot tyd dit nodig mag beskou vir die doel van die FEDERASIE, sal die FEDERASIE aankoop en verkry.
- 3.9 Enige eiendom of bates van die FEDERASIE te verkoop, te vervreem, te verhandel of andersins van die hand te sit.
- 3.10 As skakel te dien met die Regering, Provinsiale en Plaaslike Administratiewe Liggame en om wetgewende maatreëls wat die posduif wedvlug sport mag bevoordeel of beïnvloed, te bevorder.
- 3.11 Alle sodanige dade en dinge te doen wat nodig mag blyk te wees en in die belang van die FEDERASIE of sy lede, mits sodanige dade en dinge nie teenstrydig met die reëls is nie.
- 3.12 Skakeling en samewerking te bevorder met ander posduif Organisasies in Suid-Afrika.

4

LIDMAATSKAP :

- 4.1 Die FEDERASIE bestaan uit verenigings wat die doelstellings van die FEDERASIE ONDESKRYF en binne grense van die FEDERASIE soos deur die FEDERASIE bepaal, wedvlugte met posduiwe hou.
- 4.2 Die Verenigings(dorpe) waaruit die Federasie bestaan is Vryburg, Stella, Ottosdal, Leeudoringsstad, Makwassie, Hoopstad, Hertzogville, Hartswater, Jan Kempdorp, Warrenton, Bloemhof, Christiana, Schweizer Reneke, Delareyville en Wolmaransstad. Die oplaai en of aanry van sekere klubs se duiwe sal onderhandel word.

BESTUUR

5.1 Die Dag-tot-dag-Bestuur van die FEDERASIE sal hanteer word deur die Dagbestuur wat die volgende ampsdraers sal hê :

- | | |
|--|--|
| <p>(i) Voorsitter</p> <p>(ii) Vise-Voorsitter</p> <p>(iii) Sekretaris</p> | <p>(iv) Tesourier</p> <p>(v) Wedvlugsekretaris</p> <p>(vi) Vervoerbeampte</p> |
|--|--|

5.1.1 Enige lid wat benoem of verkies word as Ampsdraer van die Federasie moet :

- (i) 'n Lid van 'n geaffilieerde Vereniging wees;
- (ii) Sy jaargelde aan die Vereniging en FEDERASIE vol betaal hê;

5.2 Die gekose lede van die Dagbestuur word verkies op die Jaarlikse Algemene Jaarvergadering van die FEDERASIE en vir 'n tydperk van een jaar. Dagbestuurslede kan herkies word.

MAGTE VAN DIE DAGBESTUUR :

6.1 Die Dagbestuur beskik oor die volgende uitvoerende magte wat deur die Raad aan hom gedelegeer word, naamlik om :

6.1.1 En beleid of besluit wat deur die Bestuur geneem word, ten uitvoer te bring.

6.1.2 Toesig te hou oor die daaglikse bedrywighede en sake wat behartig word deur die ampsdraers, ad-hoc komitees en werknemers van die FEDERASIE.

6.1.3 Te verseker dat die Grondwet en alle beleid, voorskrifte, wedvlugreëls, klubreëls en finansiële reëls deur die ampsdraers, onderskeie komitees, lede en werknemers van die FEDERASIE eerbiedig en gehoorsaam word.

- 6.2 Die algemene pligte van die Dagbestuur behels onder meer die volgende :
- 6.2.1 Die verantwoordelikheid om toe te sien dat die FEDERASIE van dag tot dag ordelik bestuur word tot die algemene bevrediging van die Bestuur en die lede.
 - 6.2.2 Moet verseker dat die FEDERASIE se beleid en besluite ten volle uitgevoer word.
 - 6.2.3 Om kollektief advies en bystand te verleen aan alle individuele ampsdraers, lede en werknemers van die FEDERASIE in alle sake rakende die FEDERASIE se belange.
 - 6.2.4 Die verantwoordelikheid vir die nagaan, motivering en voorlegging van die FEDERASIE se jaarlikse begroting aan die Bestuur tesame met gepaste aanbevelings oor die begroting.
 - 6.2.5 Die oorwegings van alle mosies en aanbevelings van enige klub, lid van die Federasie, geen saak of aangeleentheid wat spesifiek aan die Bestuur verwys word, mag tersyde gestel word of weerhou word van die Bestuur nie, ongeag of die Dag Bestuur ten gunste daarvan is of nie.
 - 6.2.6 Bepaal die funksies en pligte van alle bestuurslede en werknemers in diens van die FEDERASIE.
 - 6.2.7 Ongeag die algemene pligte en funksie of plig wat die Bestuur nodig ag aan die Dagbestuur op te dra. Indien die Dagbestuur nie by magte is om alle pligte uit te voer nie, is hy by magte om 'n Staande of Ad-hoc Komitee te belas met sommige van sy pligte met die voorbehoud da die Ad-hoc komitees van die Bestuur nie oor Zende magte beskik nie.

7

SAMESTELLING EN MAGTE VAN DIE BESTUUR :

- 7.1 Die Bestuur bestaan uit die Ampsdraers asook verteenwoordigers van elke klub in die FEDERASIE. Hierdie verteenwoordigers moet verkieslik en waar moontlik uit die Voorsitters en

7

Sekretarisse van die onderskeie klubs saamgestel word. Klub verteenwoordiging op die Bestuur sal soos volg saamgestel word :

- 7.1.1 Een verteenwoordiger per klub met vyf (5) lede en minder;
- 7.1.2 Twee verteenwoordigers per klub met meer as vyf (5) lede.
- 7.2 Die Ampsdraers sal wel sitting op die Bestuur hê, maar nie stemreg nie. Stemreg sal geskied volgens die aantal verteenwoordigers wat 'n Klub op die Bestuur het.
- 7.3 Die Bestuur sal in die algemeen die magte hê om sodanige stappe te neem as nodig om die doelstellings van die FEDERASIE tot uitvoer te bring. Bo en behalwe hierdie magte, soos hierbo uiteengesit, word die volgende spesifieke magte aan die Bestuur toegeken :
 - 7.3.1 Om in geval waar 'n Bestuurslid by twee (2) agtereenvolgende Vergaderings afwesig is, sodanige Klub wat die Bestuurslid verteenwoordig word, te skors vir twee (2) wedvlugte. By herhaling sal die Klub se lidmaatskap aan die FEDERASIE vir die seisoen opgehef word.
 - 7.3.2 Om 'n Komitee te benoem om op te tree as finale Appèlliggaam in die Federasie ten opsigte van beslissings van geaffilieerde Verenigings of sy beamptes of van die Uitvoerende Komitee. Die liggaam sal gemagtig wees om alle sake wat voor hom deur die Bestuur gebring word te verhoor, getuienis aan te hoor en 'n finale beslissing oor die saak of geval terug te stuur na die Vereniging of die Bestuur, sodat dit heropen en her-verhoor kan word of om bevele uit te vaardig om getuienis te ontvang, hetsy mondelings of dokumenter.
 - 7.3.3 Om aansoeke van 'n Klub wat om affiliasie aansoek doen te hanteer en om daardie Klub toe te laat as lid van die FEDERASIE. Die Raad sal sodanige nuwe affiliasie aan die Algemene Jaarvergadering rapporteer.
 - 7.3.4 Om namens die FEDERASIE in enige saak of sake of transaksies in enige Geregshof op te tree, om aksie in te stel, te verdedig of te voer of te laat vaar, kompromie daaroor te tref of te skik en om enige eis deur of teen die FEDERASIE en enige dispuut aan abitrasie te onderwerp.

- 7.3.5 Om op te tree teen enige lid van die FEDERASIE of enige geaffilieerde Vereniging wat geld skuld aan 'n ander Unie en of Vereniging.
- 7.3.6 Om deur 'n besluit die Voorsitter of die Vise-Voorsitter en die Sekretaris of Tesourier te magtig om namens die FEDERASIE alle Prokurasies, Kontrakte, Ooreenkomste of ander aktes of dokumente wat onderteken moet word, te onderteken en om bankrekenings in naam van die FEDERASIE te open en te hanteer en om wissels, promesses, tjeks en ander verhandelbare sake wat te doen het met die besigheid van die FEDERASIE te trek, aan te neem en te endosseer, op te maak en uit te voer.
- 7.3.7 Om 'n Ouditeur aan te stel en om enige Ouditeurspos wat vakant raak, weer te vul.
- 7.3.8 Om enige vakature op die Bestuur (ampsdraers gewys) aan te vul.
- 7.3.9 Om sodanige bedrae as wat by wyse van meerderheid deur die Bestuur oor besluit mag word uit die fondse van die FEDERASIE te betaal as honorarium of bonus aan beamptes of diensbode of as subskripsies of donasies aan enige welsyn of ander fonds en om te besluit oor die belegging of besteding van die reserwe of ander fondse wat die FEDERASIE oor mag beskik.
- 7.3.10 Die geld vir die FEDERASIE byeen te bring of te leen op sekuriteit deur 'n verband op 'n eiendom van die Federasie of ander bates wat die FEDERASIE oor mag beskik of sodanige ander sekuriteit en sodanige ander voorwaardes as wat die Bestuur oor mag besluit.
- 7.3.11 Om enige diensbodes of beamptes ten behoeve van die FEDERASIE in diens te neem, hulle besoldiging vas te stel en om hulle te ontslaan of te skors na goëddunke.
- 7.3.12 Om op te tree in enige omstandighede of toestand wat ontstaan waarvoor in hierdie Konstitusie nie spesiale voorsiening gemaak word nie.
- 7.3.13 Om die wedvlugprogram en wedvlugfooie vir die jaar vas te stel, ooreenkomstig die wedvlugrigting wat op die Algemene Jaarvergadering vasgestel is.

NOODBEVOEGDHEDE

- 8.1 Indien enige noodgeval ontstaan waar daar in belang van die FEDERASIE dringende stappe gedoen moet word om die FEDERASIE se belange te beskerm, is die Dagbestuur gemagtig om sodanige stappe te doen as wat hulle nodig ag.
- 8.2 Enige optrede kragtens (1) moet by die daaropvolgende Bestuursvergadering gerapporteer en genotuleer word. Die Bestuur is by magte om die noodoptrede te koördineer of te verwerp.

AFFILIASIE VAN VERENIGING :

- 9.1 Aansoek van lidmaatskap deur Verenigings moet skriftelik by die Sekretaris van die FEDERASIE ingehandig word.
- 9.2 Die Vereniging sal bestaan uit ten minste vier (4) volop betaalde lede waarvan ten minste drie (3) aktiewe vlieënde lede uit drie (3) hokke op drie (3) persele, voordat dit deur die Bestuur as sodanig erken sal word.
- 9.3 Geaffilieerde Verenigings moet vir elkeen van hulle lede jaarlikse subskripsie, ledegelde en wedvluggelde aan die FEDERASIE betaal. Die bedrag hiervan word op die Jaarlikse Algemene Vergadering bereken. Die FEDERASIE sal nie verantwoordelik wees vir die invordering van individuele geldelike verpligtinge nie en sodanige geldelike verpligtinge moet deur elke individuele vereniging ingevorder en aan die Tesourier van die FEDERASIE gestuur word. Gelde is betaalbaar voor die eerste aand van die mandjie en geen lid sal toegelaat word om aan wedvlugte deel te neem, tensy sy geldelike verpligting betaal is nie.
- 9.4 Waar twee of meer vennote uit een hok vlieg, is slegs een ledegeld betaalbaar en sodanige vennote sal in alle gevalle as 'n enkel inskrywing behandel word. Ten einde sodanige vennote as 'n enkel inskrywing te hanteer, sal hulle geregtig wees om slegs een span duiwe te vlieg. In geval waar twee persone uit een hok vlieg as individuele lede, sal een van die twee verplig wees om voor die

aanvang van die wedvlugseisoen by die Sekretaris van sy Vereniging 'n lys in te dien met die nommers van sy duiwe en sal sodanige lid slegs geregtig wees om daardie duiwe gedurende die seisoen te vlieg. Hierdie registrasie moet by die Wedvlugsekretaris van die FEDERASIE ingedien word.

Waar 'n lid/vennootskap meer as een volspan en/of halwe span vlieg vanuit dieselfde hok, sal dit NIE NODIG WEES om die spanne afsonderlik te registreer nie.

- 9.5 Die FEDERASIE sal die reg hê om volgens sy alleenlike en absolute oordeel die lidmaatskap aan enige persoon of Vereniging te weier indien hulle sodanige daad as geregverdig beskou.
- 9.6 Elke lid is verplig om 'n kopie van hierdie Konstitusie, Algemene Reëls en Wedvlug reëls te bekom en is daardeur gebonde.
- 9.7 Elke geaffilieerde liggaam is geregtig om sy eie reëls in te stel, maar slegs toegelaat word om deel te neem aan die wedvlugte van die FEDERASIE onderhewig aan die bepalings van hierdie Konstitusie, Algemene Reëls, Wedvlugreëls en Klokreëls.

10

JAARVERGADERING :

- 10.1 Die Algemene Jaarvergadering van die FEDERASIE sal gehou word gedurende die eerste Saterdag van Maart van elke jaar. Geskrewe kennisgewings moet aan die geaffilieerde Verenigings, tesame met 'n Agenda vir die Vergadering asook die name van die persone wat genomineer is as ampsdraers vir die komende jaar gestuur word ten minste dertig (30) dae voor die Vergadering.
- 10.2 **KONSTITUSIONELE VERANDERINGS EN SPESIALE BESIGHEID :**

Enige geaffilieerde Vereniging wat begerig is om enige voorstel vir insluiting in die Kennisgewing van die vergadering in te dien, moet sodanige voorstelle nie later as ses (6) weke voor die vergadering by die Sekretaris indien. Enige voorstel vir die verandering van die konstitusie moet behoorlik gemotiveer en uiteengesit word.

- 10.3 Die besigheid van die Jaarlikse Algemene Vergadering sal wees om :
- 10.3.1 Die Notule van die vorige Jaarlikse Algemene Vergadering te bekragtig.
- 10.3.2 Om die finansiële state en balansstaat wat behoorlik geouditeer is vir die tydperk wat die vorige 31 Desember geëindig het, te ontvang, te oorweeg en goed te keur.
- 10.3.3 Om 'n begroting vir die jaar te ontvang, te oorweeg en goed te keur.
- 10.3.4 Om die Voorsitter en Bestuur se verslag vir die vorige jaar te ontvang, te oorweeg en goed te keur.
- 10.3.5 Om Amptenare en Bestuurslede vir die volgende jaar te kies volgens die Reëls en die Regulasies van die Federasie.
- 10.3.6 Om onderhewig aan behoorlike kennisgewing die Reëls en die Regulasies van die FEDERASIE te wysig of te verander.
- 10.3.7 Om sodanige spesiale besigheid, waarvan betyds kennis gegee is, volgens die Konstitusie, af te handel.
- 10.3.8 Om sake onder ALGEMEEN te bespreek, maar dat sodanige besprekingspunte beperk word tot items wat nie op 'n Bestuursvergadering bespreek kan word nie.
- 10.3.9 Om die wedvlugrigting(s) vir die huidige en/of toekomstige jare te bepaal.
- 10.4 Die ou Voorsitter sal voorsit by die vergadering totdat 'n nuwe Voorsitter vir die volgende jaar verkies is. Indien die ou Voorsitter en Vise-Voorsitter nie binne tien (10) minute na die vasgestelde aanvangstyd van die vergadering teenwoordig is nie, sal die lede teenwoordig 'n tydelike Voorsitter kies.

VERGADERING REËLS

- 10.5 Die lede wat teenwoordig is, sal 'n kworum uitmaak.

- 10.6 Stemming sal geskied deur die opsteek van hande.
- 10.6.1 Alle sake uitgesonder sake wat betrekking het op die konstitusie of wedvlugreëls word beslis deur 'n gewone meerderheid.
- 10.6.2 Alle sake wat betrekking het tot die wysiging van die konstitusie of wedvlugreëls word gewysig deur 'n meerderheid van 75%.
- 10.6.3 Alle sake wat betrekking het ten opsigte van 'n moontlike ontbinding van die Federasie word beslis deur 'n meerderheid van 80% van die stemme. Alle lede op sodanige vergadering sal stemreg hê.
- 10.6.4 Die Voorsitter sal, wat betref wysiging van hierdie Reëls en Regulasies 'n reëling maak of die stemme sal by wyse van stembrieffies of by wyse van opsteek van hande.
- 10.6.5 Die Voorsitter sal in alle sake 'n beslissende stem hê bo en behalwe sy eie stem as lid.
- 10.7 Indien die Voorsitter dit as wenslik beskou en onderhewig aan die bepalings hier vooraf het hy die reg om lede per stembrief te laat stem, in plaas van deur die opsteek van hande.
- 10.8 Indien stemming per stembrief geëis word, sal die Voorsitter van die Vergadering beslis hoe dit uitgevoer moet word en die uitslag van die stemming sal aanvaar word as die beslissing van die vergadering, waar die stemming geëis was. In die geval van enige dispuut oor die toelating of uitgooi van 'n stem sal die Voorsitter die beslissing fel en hierdie beslissing, wat in goeder trou gemaak moet word, sal finaal en bindend wees.
- 10.9 Die Voorsitter mag met die toestemming van die vergadering, die vergadering verdaag of uitstel van tyd tot tyd en van plek tot plek, maar geen besigheid mag by so 'n verdaagde vergadering behandel word nie, behalwe die wat oorgestaan het van die vergadering wat verdaag het.
- 10.10 Geen stemming per stembrief mag aangevra word vir die verkiesing van 'n Voorsitter of Bestuurslede nie. 'n Stemming per stembrief wat aangevra word oor die kwessie van vergadering moet tydens die vergadering geneem word sonder om te verdaag.

10.11 Alle lede teenwoordig op die Algemene Jaarvergadering sal die reg hê om te stem, maar sal slegs een stem, en dit is vir homself, mag uitbring.

11

SPEZIALE ALGEMENE VERGADERING

11.1 'n Spesiale Algemene Vergadering sal byeengeroep word :

11.1.1 Op 'n besluit wat by enige Algemene Jaarvergadering of Spesiale Algemene Vergadering van die FEDERASIE geneem is.

11.1.2 Deur 'n besluit van die Bestuur.

11.1.3 Op 'n versoek wat by die Sekretaris ingedien is, geteken deur die behoorlik aangestelde Verteenwoordiger van nie minder as drie geaffilieerde Verenigings nie.

11.1.4 Vyftig persent van die behoorlik aangestelde verteenwoordigers sal die kworum uitmaak vir so 'n Spesiale Jaarvergadering.

11.1.5 Die Sekretaris sal die geaffilieerde Verenigings veertien (14) dae geskrewe kennis gee van sodanige Spesiale Algemene Vergadering tesame met die besigheid wat daar behandel sal word.

11.1.6 Die vergadering reëls van 'n Jaarvergadering hierbo uiteengesit, sal geld.

11.2 BUITENGEWONE VERGADERING VAN DIE BESTUUR :

'n Buitengewone vergadering van die Bestuur sal gehou word indien die Dagbestuur dit nodig beskou.

11.3 VYF-EN-SEWENTIG PERSENT (75%) van die Bestuurslede sal as 'n kworum beskou word.

11.4 Notules waarin die besluite wat op die Bestuursvergadering geneem is, uiteengesit word, sal aan geaffilieerde Verenigings gestuur word.

APPÈLLE

- 12.1 Enige geaffilieerde Vereniging of sy lid sal die reg hê om appèl aan te teken by die Bestuur van die FEDERASIE teen 'n beslissing van die Bestuur of Dagbestuur van die FEDERASIE.
- 12.2 Enige lid sal die reg hê om teen 'n beslissing van sy Vereniging appèl aan te teken by die FEDERASIE. Sodanige lid sal behoorlik skriftelik kennis gee van sy appèl aan sy Vereniging en aan die FEDERASIE en minstens ses (6) weke voor die vergadering waarop die appèl hanteer sal word. Sodanige kennisgewing sal gegee word binne veertien (14) dae na die neem van die beslissing wat teen geappelleer word.
- 12.3 'n Appèl, tesame met die redes daarvoor en enige dokumente ter ondersteuning, moet die Sekretaris van die Federasie bereik binne veertien (14) dae na die betrokke beslissing. Indien die appèl nie op hierdie wyse binne die voorgeskrewe tydperk ingedien word nie, verval die reg tot appèl.
- 12.4 Die bedrag van R50,00 (Vyftig Rand) of ander bedrag soos deur die Bestuur van tyd tot tyd bepaal, as fooie vir onkoste moet elke appèl vergesel. Hierdie fooi is betaalbaar afgesien van die uitslag van die appèl.
- 12.5 So 'n appèl moet verhoor word deur die Komitee vir appèlle deur die Bestuur aangewys en die beslissing van hierdie Komitee sal aan die Bestuur voorgelê word vir finale beslissing. Die beslissing van die Bestuur sal finaal en bindend wees. Die lid het die reg om verdere appèlkanale buite die FEDERASIE te volg indien hy/sy nie tevrede is met die beslissing van die Komitee vir appèl nie.
- 12.6 Enige Appellant het die reg om persoonlik voor die BESTUUR te verskyn sodat :
- 12.6.1 Hy, indien hy dit verkies, 'n mondelingse verklaring kan maak ter ondersteuning van die vorige geskrewe redes vir sy appèl.
- 12.6.2 Die lede van die Bestuur, indien hulle dit verlang, die Appellant kan ondervra oor enige saak waarna verwys word in die getuienis, vervat in die saak waarop die appèl betrekking het.

- 12.7 Die Bestuur mag die Appellant oproep om persoonlik voor hulle te verskyn vir die doeleindes van getuienis soos hierbo handel.
- 12.8 Indien enige Applikant in gebreke bly om op die tyd en plek wat deur die Bestuur vasgestel is, te verskyn, kan die appèl in sy afwesigheid mee voortgegaan en afgehandel word.
- 12.9 Enige persoon wat guns werf by lede van die Appèllichaam of die Bestuur sal hulle blootstel aan tydelike of permanente skorsing.
- 12.10 Alle ge-affilieerde Verenigings moet die Sekretaris van die Federasie binne sewe dae skriftelik in kennis stel van:
- 12.10.1 Die tydelike skorsing van enige van sy lede;
- 12.10.2 Permanente skorsing van enige van sy lede;
- 12.10.3 Enige dissiplinêre stappe wat teen enige van sy lede gedoen is;
- 12.10.4 Weiering van lidmaatskap aan 'n lid van 'n bestaande Vereniging waar sodanige lid aansoek gedoen het om lidmaatskap of vir die oordrag van lidmaatskap.
- 12.10.5 Weiering van lidmaatskap aan enige Applikant wat nie deur die voorskrifte van 12.10.4 hierbo gedek is nie.
- 12.11 Wanneer sodanige kennisgewing ontvang is, moet die Sekretaris dit voor die volgende Bestuursvergadering lê vir oorweging.

13

SUKSESSIE

- 13.1 Die FEDERASIE sal beskou word as 'n nimmereindigende suksessie en om 'n assosiasie te wees wat bekwaam is om eiendom te besit en sy funksie uit te voer apart en onafhanklik van lede en of geaffilieerde Verenigings waaruit dit bestaan.
- 13.2 Geaffilieerde Verenigings sal ook beskou word as 'n nimmereindigende suksessie. Ingeval van die ontbinding van so 'n

geaffilieerde vereniging sal die FEDERASIE alleenlik geregtig wees op uitstaande gelde aan die FEDERASIE verskuldig deur sodanige vereniging of klub.

14

REGSPERSOONLIKHEID

- 14.1 Die FEDERASIE kan in die naam van die NOORDWES POSDUIF FEDERASIE dagvaar, vervolg of gedagvaar word of vervolg word. In enige saak tussen die FEDERASIE en 'n lid sal die lid nie geregtig wees op 'n pleidooi van non locus standi in iudicio ten opsigte van die FEDERASIE te lewer nie. Vir doeleindes van enige litigasie sal die domicilium citandi et executandi van die FEDERASIE wees by die adres van die dan dienende Sekretaris.

15

ONTBINDING

- 15.1 Indien die FEDERASIE afgesluit of ontbind word, sal daar geen aanspreeklikheid rus op enige lid of geaffilieerde Vereniging behalwe ten opsigte van die bydrae van ledegelde of ander bedrae dan deur die lid aan die FEDERASIE verskuldig vir die jaar waarin die FEDERASIE afgesluit of ontbind word. Die FEDERASIE sal slegs ontbind mag word op 'n besluit geneem op 'n Spesiale Vergadering waarvan een-en-twintig (21) dae skriftelik kennis gegee is per geregistreerde pos aan elke lid van die FEDERASIE op daardie stadium en by besluit van 'n meerderheid van tagtig persent (80%) op sodanige belegde vergadering nie. Ingeval van ontbinding van die FEDERASIE sal alle bates te gelde gemaak word deur die Bestuur of persone op die vergadering aangewys en sal die netto bates verdeel word tussen die geaffilieerde Verenigings in verhouding tot die getal van die lede van die Verenigings vir die voorafgaande vliegseisoen.

17

DEELNAME IN BATES :

- 16.1 Geen lid sal geregtig wees om te deel in enige bates van die FEDERASIE nie.

STRAF

- 17.1 Ingeval van enige geaffilieerde Vereniging of lid skuldig bevind word van enige wangedrag, onsportiewe gedrag of enige oortreding van hierdie reëls en regulasies of dat hy nagelaat het om enige Bestuur of Uitvoerende Komitee se reëlins of bevel na te kom, sal die Bestuur die mag hê om sodanige Vereniging, lid of beampte te straf deur uitsetting of skorsing or op enige ander wyse wat die Bestuur as wenslik beskou, ook sal die Bestuur die reg hê om sodanige Vereniging of Lid of Beampte tydelik te skors totdat ondersoek ingestel is.

VERANDERINGS VAN DIE KONSTITUSIE :

- 18.1 Geen gedeelte van hierdie Konstitusie mag teruggetrek of verander word nie, behalwe op 'n Jaarlikse Algemene Vergadering van lede of op 'n Spesiale Algemene Vergadering wat vir die doel byeen geroep is. VYF-EN-SEWENTIG PERSENT (75%) van die stemme wat uitgebring word deur stemgeregtigde lede wat aanwesig is, is nodig om enige gedeelte van die konstitusie terug te trek of te verander.
- 18.2 Enige voorgestelde veranderings of aanvulling tot die reëls van die FEDERASIE moet in besit wees van die Sekretaris van die FEDERASIE minstens ses (6) weke voor die Algemene Vergadering en moet deur die Sekretaris onder die lede van geaffilieerde Verenigings gesirkuleer word ten minste vier (4) weke voor die datum van die vergadering.

BOEKHOU

- 19.1 Die FEDERASIE moet behoorlik boekhou van rekeninge en 'n staat van al sy transaksies moet by elke Jaarvergadering voorgelê word.
- 19.2 Die FEDERASIE se boeke sal so vroeg as moontlik na die beëindiging van elke seisoen se wedvlugte afgesluit word en deur 'n persoon wat behoorlik aangestel is, geoudit word.
- 19.3 Enige tekort wat mag voorkom gedurende 'n seisoen se loop, moet pro rata deur elke lid van die Vereniging wat by die FEDERASIE geaffilieer is, aangevul word. Indien sodanige tekort egter veroorsaak is deur onverantwoordelike oorskryding van begroting of mala fidei optrede van die bestuur sal die bestuur in hul persoonlike hoedanigheid verantwoordelik wees om die tekort aan te vul.
- 19.4 Die FEDERASIE sal 'n rekening open by 'n Handelsbank en alle transaksies van die FEDERASIE sal gedoen word per tjek. Die tjeks sal onderteken word deur die Tesourier plus een lid van die klub van die Tesourier op die Jaarvergadering aangewys word.

UITREIKING VAN RINGE :

- 20.1 FEDERASIE ringe word slegs uitgereik aan lede wat hul subskripsie betaal het. Die Tesourier is verantwoordelik vir die uitreiking van die Federasie Ringe aan klubs. Lede moet hul ringe deur hul eie klub aankoop. Ringe sal nie voor 1 Januarie van elke jaar beskikbaar gestel word vir verkoop aan lede nie. 'n Jongduif mag in die jaar van sy geboorte aan wedvlugte deelneem, uitgesonderd die Jaaroud Kampioenskap, Jaaroud Uitdaag en Derby wedvlugte van daardie jaar.

WEDVLUGRIGTING EN -PROGRAM

- 21.1 Daar sal in 3 rigtings gevlieg word, te wete Suidelik, Noordelik en Westelik. Dit sal `n 3-jaar rondomtalie siklus wees wat begin met Suidelik, dan Noordelik en dan Westelik. Die siklus sal op hierdie vasgestelde basis herhaal word.

ALGEMENE REËLS

- 22.1 Elke Klub moet, op die datum soos van tyd tot tyd vasgelê deur die Bestuur, aan die Sekretaris van die FEDERASIE 'n lys van lede met hulle volle name en adresse verskaf.
- 22.2 Alle duiwe moet ten minste 30 (dertig) dae voor die aanvang van die wedvlugseisoen met 'n geregistreerde duiwe entstof teen Paramyxovirus en Pokke ingeënt word. 'n Sertifikaat of afskrif daarvan, onderteken deur die lid en twee mede-lede, wat die inenting bevestig, moet in besit van die lid/klub/FEDERASIE elk wees.
- 22.3 Geen lid sal toegelaat word deel te neem aan wedvlugte terwyl een of meer van die VERBODE MIDDELS soos gelys deur SANPO toegedien word nie. Die FEDERASIE of KLUB is by magte om enige duiwe van 'n lid/lede te toets vir verbode middels. Indien die toets positief is sal die koste van die lid verhaal word, indien die toets negatief is, sal die aansoeker die koste betaal. Indien 'n lid/lede se duif/duiwe positief toets vir VERBODE MIDDELS, sal dissiplinêr opgetree word teen die lid/lede.
- 22.4 Geen lid sal toegelaat word om mee te ding aan vlugte totdat hy aansoek gedoen het en betaal het vir sy hok opmeting nie. Hierdie opmetings moet gedoen word deur twee lede van die Bestuurskomitee met `n GPS en alle lede se opmetings moet met dieselfde GPS gedoen word.
- 22.5 Duplikaat inskrywingsvorme van alle lede wat aan 'n wedvlug deelneem, moet op die aand waarop die duiwe ingeskryf word aan

die Wedvlugsekretaris van die FEDERASIE gestuur word deur gebruik te maak van die posbus op die FEDERASIE se voertuig.

- 22.6 Dokumente genoem in 3 hierbo, moet deur die Wedvlugsekretaris van die FEDERASIE op lêr geplaas word. Enige Klub wat nie hierdie vereiste nakom nie, sal uitgelaat word uit die vlug uitslae van die FEDERASIE.
- 22.7 Die Wedvlugsekretaris van die FEDERASIE sal nie enige uitslae wat nie gerapporteer is in terme van Klousule 104 van die Wedvlugreël in ag neem vir bepaling van die uitslae van daardie wedvlug nie.
- 22.8 Saam met die Inskrywingsvorm wat aan die Wedvlugsekretaris van die Federasie gestuur word, stuur die Voorsitter van elke Klub 'n Sertifikaat waarin hy sal sertifiseer :
- 22.9.1 Dat alle mandjie prosedure soos voorgeskryf in die Wedvlug Reëls van die FEDERASIE nagekom is;
- 22.9.2 Dat alle klokreëls soos voorgeskryf in die Klokreëls van die FEDERASIE nagekom is;
- 22.9.3 By oortreding van enige reëls, word die Klub geskors vir die wedvlug. By 'n tweede oortreding sal die FEDERASIE die reg hê om die Klub vir die res van die seisoen te skors.
- 22.10 Elke Klub het die reg om te weier om toe te laat dat duiwe deur 'n lid ingeskryf word wat :
- 22.10.1 Opsigtelik aan 'n siekte ly;
- 22.10.2 Ongeneesde tekens van pokie toon;
- 22.10.3 Oormatig met luise of veerluise besmet is;
- 22.10.4 Beseer is, of opsigtelik nie in 'n toestand is om aan die wedvlug deel te neem nie.
- 22.11 Geen lid mag met VERDWAALDE DUIWE aan wedvlugte deelneem nie. Enige verdwaalde duif moet onmiddellik aangemeld word by die ringmeester of verantwoordelike persoon ten einde die eienaar op te spoor. Ten einde die eienaar op te spoor moet 'n

merker met die kontaknommer van die ringmeester van die FEDERASIE, aan elke duif se poot of vlerk aangebring word wat aan 'n wedvlug deelneem.

23

WEDVLUGREëLS

Klousule 101 :

Elke wedvlug word beslis volgens die duif se werklike snelheid, dit wil sê die duif wat wen, het die grootste getal meter per minuut afgelê. Indien die eerste duif se spoed egter minder as 450 meter per minuut is, sal die vlug nietig verklaar word. Indien slegs een duif 'n spoed van 450 meter per minuut behaal, sal al die prysgeld aan die duif toegeken word, behalwe 10% wat na die Federasie, Seksie of Klubfooie sal gaan.

Geen duif mag in die jaar van sy geboorte of die jaar daarna aan wedvlugte verder as 850km deelneem nie. Die verste punt mag nie verder as 920km wees nie. Geen duif mag aan wedvlugte deelneem wat verder as 1 000km is nie.

Klousule 102 :

Alle duiwe moet die werklike eiendom van die lid in wie se naam hul ingeskryf is, wees en moet heel, ongebroke metaalringe aanhê van 'n erkende Vereniging, Federasie of Unie. (Skoon of ongedrukte ringe word nie toegelaat nie.) Ringe waarmee gepeuter is of wat gerek is, word nie toegelaat nie. Enige oortreding van hierdie reël sal tot gevolg hê dat 'n lid die reg op pryse en toekomstige deelname aan wedvlugte verbeur. Enige lid mag met toestemming van die Komitee en eenaar, duiwe van 'n ander lid nomineer om aan potgeld kompetisies in enige vlug deel te neem.

Klousule 103 :

Inkorwing en ring van wedvlugduiwe mag nie in aanvang neem alvorens daar minstens vier lede teenwoordig is waarvan twee nie familieerwant mag wees nie. Alle duiwe wat aan Federasievlugte deelneem, moet rubberringe of elektroniese ringe wat deur die Bestuur goedgekeur is, dra.

Dit is ontoelaatbaar vir 'n lid om die nommers van sy eie duife tydens inkorwing aan die skrywer van wedvlugringnommers uit te roep.

Nadat 'n duif van 'n wedvlugring voorsien is, of sy elektroniese ring klaar ingesleutel is, maar net voordat dit in die wedvlugmandjie geplaas word, moet 'n genomineerde lid toesien dat elke duif 'n wedvlugring of elektroniese ring dra wat behoorlik om die duif se been geplaas is.

Die korresponderende etikette van die wedvlugringe wat vir die ring van die duife van 'n lid gebruik is, moet in 'n afsonderlike koevert toegeplak word en deur die Klub in veilige bewaring gehou word, totdat die lid se klok gelees word.

Klousule 104 :

Elke klub moet self besluit hoe hy sy wedvlugduife na aankoms moet rapporteer.

Die wenduif van elke klubvlug kan indien nodig, opgegooi word in die teenwoordigheid van 'n lid wat deur elke Klub benoem word en die vluguitslag moet geëndosseer word met vermelding van die persoon wat die duif opgegooi of getuie daarvan was.

Klousule 105 :

Indien enige dispuut ontstaan oor afstand, spoed, identifikasie van duife of enige ander rede, sal die beslegting daarvan berus by die Bestuur wie se beslissing finaal en bindend sal wees, waarna die lid/klub die appèlkanale buite die FEDERASIE kan volg indien hy/sy nie tevrede is met die beslissing van die Bestuur nie.

Klousule 106 :

'n Wedvlug sal nie gekanselleer word indien die duife weens slegte weer oorgehou word en op 'n werksdag losgelaat word nie. Inskrywingsfooi sal onder geen omstandighede terugbetaal word nie.

Duife moet so vroeg as moontlik, na goeddunke van die Vervoerkontraakteur, losgelaat word, onderworpe aan enige opdragte wat deur die Dagbestuur aan die Vervoerkontraakteur gegee is. Geen vlug sal gekanselleer word solank as daar lede is wat gewillig is om daaraan deel

te neem nie. Bakke moet in mandjies aangebring word en die duiwe moet in alle vlugte van water voorsien word.

Duiwe sal nie vroeër as wat op die amptelike program aangegee word, losgelaat word nie.

Die loslating en versorging van wedvlugduiwe moet volgens SANPO voorskrifte geskied.

Klousule 107 :

Alle FEDERASIE wedvlugte sal plaasvind met gesamentlike loslating.

Klousule 108 :

NAGURE :

Nagure is die tydperk vanaf 30 minute na sonder tot 15 minute voor sonop.

(Kimberley tyd)

Klousule 109 :

Geen Klub of Vereniging kan die reg eis om die uitslae te publiseer van die wedvlug waarin hulle gediskwalifiseer is of as die uitslae van die klubwedvlug nie voor of op die eerste Maandag na die wedvlug voor 19:00 in die besit van die Wedvlugsekretaris is nie.

Klousule 110 :

Seëls, seëltange en rubberringe moet toegesluit word met twee slotte en twee persone moet in besit wees van sleutels. Inskrywingsvorme moet op dieselfde wyse gesluit word na die duiwe gemandjie is, totdat klokke gelees word.

Klousule 111 :

Dat alle klokrolle, uitdrukke en rubberrekkies met kontrolestrokie van al die lede wat ingemandjie het, in die Wedvlugsekretaris se besit moet wees binne sewe (7) dae na datum van uitlui.

KLOKREëLSKlousule 201 :

Elke Vereniging moet die Bestuur tevrede stel oor die metode wat gevolg word in die stel en kontroleer van hule klokke.

Klousule 202 :

Alle lede moet erkende klokke hê wat die Bestuur goedgekeur het. Gerard-klokke is verbode. Touletskyf- en ponstipe klokke sal nie toegelaat word nie.

Klousule 203 :

Alle klokke moet in behoorlike werkende toestand by hul Klub se Klokkomitee ingehandig word vir inspeksie twee weke voor die eerste vlug en indien daar gevind word dat enige klok defek is, sal dit gediskwalifiseer word, totdat dit reggemaak is.

In geval waar bogenoemde vereistes nagekom en dit word agterna gevind dat sy klok onreëlmatig loop gedurende die vlugseisoen, sal sodanige klok gediskwalifiseer word, totdat dit tot die bevrediging van die Klub se Klokkomitee reggestel is.

Klousule 204 :

Enige van die klokkomitee of aangestelde plaasvervanger het die reg om gedurende die periode wat die klok verseël is, vir enige vlug, so 'n klok by die lid se tuiste te inspekteer en te slaan en indien hy enige fout vind, op te tree op enige wyse wat hy goeddink.

Klousule 205 :

Alle klokke moet gesluit of verseël wees in kaste terwyl hul gebruik word, behalwe wanneer spesiale omstandighede dit nodig maak, die klokke wel deur hul eienaars weggeneem kan word, maar nogtans verseël moet bly gedurende sodanige periode.

Klousule 206 :

Die volgende prosedure moet gevolg word wanneer klokke oopgemaak word :

1. Die papierstrook moet die volgende gegewens toon:
Lid se naam, vlugpunt en datum waarop geset.
2. Die strook of skyf moet deur die kloklid, wat werklik die klok set, geteken word, wanneer dit geset word en nie agterna nie.
3. Die kloksetter moet seker maak dat die “settings” of “zero” of soortgelyke merk regoor die opening is voor klokke geslaan word.
4. Na die klokke geset is en voor hulle gesluit word, moet alle klokke gekontroleer word deur ‘n ander lid van die klokkomitee as een wat die klok geset het en daar moet veral op die bepalings van (3) hierbo gelet word. Die persoon wat dit kontroleer, moet ook die klokstrook teken. Kloksetters moet seker maak dat die rolle papier reg afrol.
5. Ten minste drie (3) deelnemende lede moet teenwoordig wees wanneer klokke geslaan en/of oopgemaak word.
6. Alle klokke moet in- en uitgeslaan word met die sesde “piep” van die radiotydsein.
7. Ongeveer twee minute nadat klokke met die radiotydsein geslaan is, moet die klokke weer gelyktydig geslaan word. ‘n Speling van twee sekondes weerskante word toegelaat en as die verskil meer as dit is, moet die betrokke klok weer oorgeset word en deur die klokkomitee by ‘n later tydsein geslaan en weer getoets word.
8. As gevolg van (7) hierbo, sal die duif se rubberring dus nie in die eerste kompartement kom nie.
9. Die laaste afdruk van die sigbare kloktye moet in die klokboek opgeteken word voordat klokke verwyder word.

Klousule 207 :

Indien 'n persoon se klok gaan staan voordat sy duiwe arriveer, kan hy dit weer laat set en inslaan met die volgende radiosein en ten minste twee ander deelnemende lede moet teenwoordig wees met die inslaan.

Klousule 208 :

Voordat lede toegelaat word om rubberringe alleen in die kompartement te plaas (sonder die gebruik van doppies) moet die betrokke klokkomitee hulself tevrede stel dat die lede se klokdromme voorsien is van behoorlike bedeksel. In gevalle waar die klokdromme nie bedeksel het nie, moet die lid gebruik maak van doppies. Die lid mag na goeddunke soveel rubberringe in enige of elke kompartement plaas. In so 'n geval sal die lid oor die volgorde van spoed toekennings van die betrokke duiwe beslis.

Klousule 209 :

Waar 'n klok meer as 30 sekondes per dag gewen het, sal geen toelating gemaak word en waar 'n klok meer as 30 sekondes verloor het, moet dubbel die verlore tyd by die inkloktyd gevoeg word. Enige klok wat gaan staan nadat die duif geklok is, word gediskwalifiseer. Enige klok wat oopgemaak is voordat dit met radiotyd ingeslaan is, behalwe in noodgevalle waar die Komitee die reg sal hê om die horlosie oop te maak en weer te seël, word gediskwalifiseer en is onderworpe aan 'n ondersoek voordat dit weer gebruik mag word.

Klousule 210 :

Na inklok van duiwe moet die volgende prosedures gevolg word :

1. In alle vlugte moet die klokke met die eerste gerieflike radiosein op die sesde sein, geslaan word, behalwe in oornagvlugte wanneer lede, na hulle aankoms van duiwe, volgens die bepalinge van Klousule 1.4 van die wedvlugreëls, gerapporteer het, hulle klokke mag behou tot daardie aand om verdere duiwe te kan klok.
2. Lede word nie toegelaat om hul klokke te behou sonder dat die klokke geslaan word nie vir langer tye as wat redelikwys daarvoor nodig is nie.
3. In die geval waar duiwe oorgehou word en op 'n werksdag losgelaat word, kan klokke die aand van die dag waarop die duiwe aankom, geslaan word.

4. Na die klokke met die radiotydsein geslaan is, moet klokke weer gelyktydig geslaan word binne twee minute na die tydsein, voordat hulle oopgemaak word. 'n Speling van twee sekondes weerskante word toegelaat op hierdie toetslaan en indien 'n klok meer as dit afwyk, moet so 'n klok weer op 'n latere tydsein deur die klokkomitee geslaan word.
5. Voor die klok oopgemaak word, moet 'n lid van die klokkomitee die klokke ondersoek en homself tevrede stel dat alles in orde is ten opsigte van seëls, ens. en moet hy nadat hy die klok oopgemaak het, homself tevrede stel en werklik sien dat die dubberringe of doppies wel uit die regte kompartemente kom. Dit moet sorgvuldig gekontroleer word.

N.B. Indien byvoorbeeld die eerste ring of doppie in nommer 4 kompartement in plaas van nommer 2 is, dan is die vyfde lesing op die papierstrook die tyd van die eerste duif, ens.

6. Indien 'n lid per ongeluk die tydsein misloop, sal die klok dan later deur die klokkomitee met die eerste daaropvolgende tydsein geslaan en twee minute later weer geslaan word vir toets.

Klousule 211 :

Die dolometers moet ondersoek word met die toepassing van Klousule 204. Wanneer klokke reggestel word (Klousule 206) moet dolometers op nul gestel word. Wanneer klokke getoets word (Klousule 210) moet die dolometers ondersoek word en indien beweging op meter aangetoon word, moet dit opgeteken word en ondersoek word deur die klokkomitee.

Klousule 213 :

Enige vraagstuk, waarvoor in al die voorafgaande nie voorsiening gemaak is, sal deur die Bestuur hanteer word. Daar is geen appèl indien die voorskrifte van hierdie Reëls nie nagekom word nie.

25

REGLEMENT VAN ORDE

Klousule 301 :

SAKE OP DIE VERGADERING :

28

Die volgorde waarin sake op elke Algemene Vergadering behandel word, is soos volg :

1. Opening van vergadering deur Voorsitter.
2. Presensielys.
3. Lees van Kennisgewing van Vergadering.
4. Lees van Agenda van Vergadering.
5. Lees van Notule van vorige vergadering of vergaderings.
Bespreking goedkeuring daarvan sal volg.
6. Lees van finansiële verslag. Bespreking en goedkeuring daarvan.
7. Voorstelling van wedvlugrigtings vir die volgende jaar.
8. Bespreking van konstitusionele punte of spesiale sake waarvan behoorlik volgens konstitusie kennis gegee is.
9. Kies van nuwe Ampsdraers :
 - 9.1 Voorsitter
 - 9.2 Vise-Voorsitter
 - 9.3 Sekretaris
 - 9.4 Tesourier
 - 9.5 Wedvlugsekretaris
 - 9.6 Vervoerbeampte
 - 9.7 Plublisiteitsbeampte

Nadat die sake vermeld in 1 tot 7 oorweeg is, kan die Bestuur na goeddunke die volgorde van die ander sake wat in die Agenda verskyn, wysig.

26

VERGADERINGSPROSEDURES :

Klousule 302 :

1. Die “stoel” sal te alle tye aangespreek word.

29

2. Elke spreker sal sy beurt afwag en alleen op versoek van die Voorsitter sy saak stel.
3. 'n Saak vir bespreking kan deur enige lid van die vergadering geopen word, waarna elke lid van die vergadering een geleentheid sal hê om sy saak te stel. Met afsluiting van bespreking kan die Voorsitter of lid wat bespreking geopen het, 'n opsomming van die saak gee voor tot stemming oorgegaan word.
4. As 'n lid praat, moet hy hom streng by die aangeleentheid onder bespreking of by 'n verduideliking of 'n punt van orde bepaal.
5. Met die uitsondering van sake wat die Voorsitter dringend ag of wat die Bestuur met meerderheid van minstens twee-derdes van die aanwesige lede besluit om as dringend te behandel, mag op 'n vergadering geen ander sake behandel word as wat in die betrokke kennisgewing vermeld is nie.
6. Notule moet gehou en bekragtig word vir elke vergadering van die Komitee, Bestuur en Algemene Vergadering.
7. Enige lid, of hy oor die saak onder bespreking gepraak het al dan nie, kan 'n punt van orde of ter verduideliking opstaan, maar sodanige verduideliking moet beperk wees tot die doel van die bespreking wat moontlik verkeerd verstaan is. 'n Lid wat in so 'n geval opstaan, het die reg om onmiddellik aangehoor te word, mits hy begin met "of op 'n punt van orde of ter verduideliking".
8. Die Voorsitter se beslissing oor 'n punt van orde of oor die toelaatbaarheid van 'n persoonlike verduideliking is finaal en mag nie bespreek word nie.

FINANSIËLE REGULASIES :

- 1 WOORDOMSKRYWING :

Klousule 401 :

1.1 ALGEMENE REKENING :

‘n Rekening wat deur die FEDERASIE beheer en aangewend word om die normale inkomste en uitgawe begroting van die FEDERASIE te laat funksioneer.

1.2 ONTWIKKELING/STABILISASIEFONDS :

‘n Fonds wat aangewend word vir die ontwikkeling en/of stabilisasie van enige van die FEDERASIE se doelwitte.

1.3 SEKSIEREKENINGE :

‘n Seksierekening is ‘n rekening wat vir ‘n spesifieke seksie geopen word, hetsy in die naam van die seksie al dan nie. Hierdie rekening bedoel om aangewend te word vir die inkomste of uitgawes van die spesifieke seksie.

2 BELEGGINGS :

Klousule 402 :

2.1 Geld mag na goeddunke van die Tesourier, in oorleg met die Voorsitter van die FEDERASIE, uit FEDERASIE fondse, by ‘n geregistreerde deponemende instelling belê word.

3 BEHEER EN OUDITERING :

Klousule 403 :

3.1 Die rekening van die FEDERASIE moet minstens een (1) keer per jaar deur ‘n Geregistreerde Geoktrooieerde Ouditeursfirma geoudit word.

3.2 ‘n Volledige stel boeke moet behoorlik deur die Tesourier ten opsigte van die FEDERASIE rekening gehou word.

3.3 Die Sekretaris van die FEDERASIE sal sorg dra dat Notules van alle vergaderings na die Ouditeursfirma bemoeid met die ouditeuring van die FEDERASIE se boeke, gestuur word.

3.4 Die finansiële jaar strek van 1 Januarie tot 31 Desember van elke jaar.

4 GEMAGTIGDE UITGAWES :

Klousule 404 :

- 4.1 Die Bestuur mag enige uitgawes magtig.
- 4.2 Enige buitengewone of Nood-item mag deur die Dagbestuur aangegaan word, met dien verstande dat sodanige uitgawe deur die Bestuur gekondoneer word.
- 4.3 Geen seksie is geregtig om 'n seksierekening te open nie.
 - 4.3.1 Alle seksiefondse sal deur die FEDERASIE Tesourier geadministreer word.
 - 4.3.2 10% Van alle seksiegelde deur die Tesourier gehanteer sal as FEDERASIE inkomste teruggehou word.
 - 4.3.3 Alle seksiegelde moet jaarliks aan die betrokke prysweners uitbetaal word – geen fondse sal opgehoop kan word nie.

5 BEGROTING :

Klousule 405 :

- 5.1 Die Tesourier stel jaarliks 'n begroting op wat Inkomste en Uitgawes aantoon.
- 5.2 Die Begroting word op die Bestuursvergadering wat die – jaarvergadering van die FEDERASIE voorafgaan, voorgelê.

6 LEDEGELD EN HEFFINGS :

Klousule 406 :

- 6.1 Die jaarlikse ledegeld vir lede van die FEDERASIE word van tyd tot tyd deur die Bestuur bepaal.

6.2 Geen diverse items, dienste of wedvlugmandjies sal aan enige persoon of klub uitgereik word alvorens daar die kontant voor betaal is nie. Die spertyd vir die betaling van wedvlugmandjies sal twee weke voor die eerste wedvlug wees.

6.3 Die prys van ringe en diverse items sal 20% belas word en afgerond tot die naaste heelgetal aan lede beskikbaar gestel word.

7 HONORARIA :

Klousule 407 :

7.1 Die Bestuur mag by 'n besluit 'n honorarium aan enige lid van die FEDERASIE betaal.

